

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Maandag 23 Oktober 1978 WINDHOEK Monday 23 October 1978 No. 3853

INHOUD:

CONTENTS:

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:		GOVERNMENT NOTICES:	
No. AG. 69 Registrasiekantoor vir Maatskappye, Windhoek : Aanstelling as Registrateur van Maatskappye	1	No. AG. 69 Companies Registration Office, Windhoek: Appointment of Registrar of Companies	1
No. AG. 70 Munisipaliteit van Okahandja: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies	2	No. AG. 70 Municipality of Okahandja: Amendment of Native Location Regulations	2

Goewermentskennisgewings

Government Notices

kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 69 1978

REGISTRASIEKANTOOR VIR MAATSKAPPYE,
WINDHOEK : AANSTELLING AS REGISTRATEUR VAN MAATSKAPPYE

Dit word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur-generaal kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 7 van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), mnr. D. J. Strauss, Posbus 21214, City Centregebou, Windhoek, as Registrateur van Maatskappye aangestel het.

office of the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 69 1978

COMPANIES REGISTRATION OFFICE,
WINDHOEK: APPOINTMENT OF REGISTRAR OF COMPANIES

It is hereby made known for general information that the Administrator-General has under the powers vested in him by section 7 of the Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973), appointed Mr. D. J. Strauss, P.O. Box 21214, City Centre Building, Windhoek, as Registrar of Companies.

No. AG. 70

1978

DEPARTEMENT VAN BANTOE-
ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 32(4) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951), gelees met artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet 56 van 1954), en artikel 2 van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag, 1977 (Proklamasie AG. 3 van 1977), die wysiging van die Inboorlinglokasieregulasies wat deur die Munisipaliteit van Okahandja aanvaar is en in die Bylae vervat is, goedgekeur.

BYLAE

MUNISIPALITEIT VAN OKAHANDJA
WYSIGING VAN INBOORLINGLOKASIE-
REGULASIES

1. Aanhangsel V van die Inboorlinglokasieregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 201 van 5 Desember 1967 word hierby deur die volgende Aanhangsel vervang:

"AANHANGSEL V

MUNISIPALITEIT VAN OKAHANDJA

TARIEF VAN HUUR, GELDE EN VORDERINGS

1. (1) Tarief 1 — Water:

Elke eienaar of huurder van 'n perseel of gebou betaal voor of op die 15de dag van elke maand wat volg op die maand waarin die dienste gelewer is, die onderstaande vorderings:

(a) Waar geen watermeters geïnstalleer is, 'n maandelikse vordering per aansluiting R2,00

(b) (i) Waar watermeters geïnstalleer is, 'n maandelikse vordering per aansluiting R2,00

(ii) Daarna per kubieke meter of gedeelte daarvan verbruik wat meer is as 10 kubieke meter R0,22

(2) Tarief 2 — Lewering van Dienste:

Elke eienaar of huurder van 'n perseel of gebou betaal vir dienste gelewer voor of op die 15de dag van elke maand wat volg op die maand waarin die dienste gelewer is, die onderstaande gelde:

(a) Die weeklikse verwydering van die inhoud van 'n vullisbak met hoogstens 0,085

No. AG. 70

1978

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION
AND DEVELOPMENT

The Administrator-General has under section 32(4) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), read with section 3 of the South West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (Act 56 of 1954), and section 2 of the Executive Powers Transfer Proclamation, 1977 (Proclamation AG 3 of 1977), approved the amendment of the Native Location Regulations adopted by the Municipality of Okahandja and set out in the Schedule.

SCHEDULE

MUNICIPALITY OF OKAHANDJA
AMENDMENT OF NATIVE LOCATION
REGULATIONS

1. The following Annexure is hereby substituted for Annexure V of the Native Location Regulations published under Government Notice 201 of 5 December 1967:

"ANNEXURE V

MUNICIPALITY OF OKAHANDJA

TARIFF OF RENTS, FEES AND CHARGES

1. (1) Tariff 1 — Water:

Every owner or tenant of a site or building shall pay the under-mentioned charges monthly before or on the 15th day of each month following the month in which the services were rendered:

(a) Where no watermeters are installed a monthly charge per connection R2,00

(b) (i) Where watermeters are installed a monthly charge per connection... R2,00

(ii) Thereafter per cubic metre or part thereof consumed in excess of 10 cubic metres R0,22

(2) Tariff 2 — Rendering of Services:

Every owner or tenant of a site or building shall pay the following fees for services rendered monthly on or before the 15th day of the month following the month in which the services were rendered:

(a) The weekly removal of the contents of a refuse bin of a capacity not exceeding 0,085

kubieke meter inhoudsvermoë, per maand of gedeelte van 'n maand R0,50	cubic metres, per month or part thereof R0,50
(b) 'n Vordering ten opsigte van elke spoel-latrine, per maand of gedeelte van 'n maand R1,00	(b) A charge in respect of every flush toilet, per month or part thereof R1,00
2. Huur van woonpersele, per perseel:	2. Rental for Residential Sites, per site:
Slegs persele sonder 'n munisipale woning daarop, per maand of gedeelte daarvan R4,20	Only sites, without a municipal dwelling thereon, per month or part thereof R4,20
3. Huur van Besigheidspersele:	3. Rental for business premises:
(a) Huur van persele alleenlik, per maand of gedeelte daarvan R5,00	(a) Rental for sites only, per month or part thereof R5,00
(b) Huur van besigheidsgeboue, per maand of gedeelte daarvan R32,00	(b) Rental for business buildings, per month or part thereof R32,00
4. Huur van Wonings:	4. Rental for Dwellings:
(a) Seskamerwoning, per maand of gedeelte daarvan R12,00	(a) Six-roomed dwelling, per month or part thereof R12,00
(b) Vyfkamerwoning, per maand of gedeelte daarvan R8,50	(b) Five-roomed dwelling, per month or part thereof R8,50
(c) Vierkamerwoning, per maand of gedeelte daarvan R7,20	(c) Four-roomed dwelling, per month or part thereof R7,20
(d) Driekamerwoning, per maand of gedeelte daarvan R6,00	(d) Three-roomed dwelling, per month or part thereof R6,00
(e) Tweekamerwoning, per maand of gedeelte daarvan R3,50	(e) Two-roomed dwelling, per month or part thereof R3,50
5. Huisvesting in enkelkwartiere, per persoon per dag of gedeelte daarvan R0,10	5. Accommodation in single quarters, per person per day or part thereof R0,10
6. Besoekerspermitte:	6. Visitor's permits:
Betaalbaar deur die houer van 'n besoekerspermit of deur 'n persoon wat sodanige permit moet hou, waar die geldigheidsduur van die permit 3 dae to bowe gaan maar nie een maand nie:	Payable by the holder of a visitor's permit or a person required to hold such permit, where the currency of the permit exceeds 3 days but not one month:
(a) Mans R1,00	(a) Men R1,00
(b) Vrouens R1,00	(b) Women R1,00
7. Loseerderspermitte:	7. Lodgers' permits:
Betaalbaar ingevolge regulasie 31 van Hoofstuk II:	Payable in terms of regulation 31 of Chapter II:
(a) Mans R1,75	(a) Men R1,75
(b) Vrouens R1,75	(b) Women R1,75

8. Begrafnisgelde:

- (a) Vir die grawe van 'n graf van 'n grootte in regulasie 163(a) voorgeskryf (volwassene) R2,00
- (b) Vir die grawe van 'n graf van 'n grootte in regulasie 163(b) voorgeskryf (kind).....R1,00
- (c) Vir die vervoer na 'n grafR2,00

9. Tehuistarieewe:

- (a) Losies, per persoon per dag of gedeelte daarvanR0,85
- (b) Huisbediendes, per persoon per maand of gedeelte daarvan.....R4,00.”.

2. Hierdie regulasies word geag op 1 Julie 1978 in werking te getree het.

8. Interment charges:

- (a) For digging of a grave of a size prescribed in regulation 163(a) (adult)R2,00
- (b) For digging of a grave of a size prescribed in regulation 163(b) (child).....R1,00
- (c) For transport to a grave.....R2,00

9. Hostel tariffs:

- (a) Boarding, per person per day or part thereofR0,85
- (b) Domestic servants, per person per month or part thereofR4,00.”.

2. These regulations shall be deemed to have come into operation on 1 July 1978.